

Die sedelose vrou, ook in 2020 (OP14)

Openbaring 17:1-7

18 Oktober 2020

Laasweek het ons die onderdeel van die boek Openbaring wat oor die sewe laaste plae, oftewel die sewe laaste bakke, gehandel het, afgesluit. Tot dusver het ons dus nou al na 5 onderafdelings van die boek gekyk: die sewe briewe aan die sewe gemeentes, die sewe seëls, die sewe trompette, die sewe visioene en die sewe bakke. Ons het gesê elkeen van hierdie gedeeltes dek die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms. Aan die einde van elkeen van hierdie gedeeltes het ons 'n beskrywing van die finale oordeel gevind. Boonop het ons laasweek spesifiek daarop gelet dat soos wat ons vorder deur die boek, skuif die fokus in die beskrywings geleidelik al hoe meer na die einde toe.

Vandag begin ons met die sesde onderdeel van die boek. Hierdie gedeelte plaas groot fokus op die sedelose vrou. Dit strek van hoofstukke 17-19. Ons het in die laaste twee onderdele ook al hoe meer begin leer van wat agter al die gebeure wat plaasvind sit. Ons het geleer van die drie diere wat stryd voer teen God, en ook teen die vrou van Openbaring 12 – die vrou is natuurlik God se volk in die Ou Testament en die kerk in die Nuwe Testament. Die drie vyande waarvan ons geleer het, is: (1) die groot vuurrooi draak, wat die Satan is, (2) die dier uit die see, wat die antichris is en wat opereer deur gesagstrukture te misbruik, en (3) die dier uit die aarde, wat die vals profeet is en opereer deur enige vorm van vals godsdienste of dwaalleer. Ons het ook al gesien dat hierdie diere die bewoners van die aarde, d.i. die mense wat nie die merk van die dier dra nie, verlei sodat hulle ook teen God en die kerk optree – hierdie mense maak dus 'n vierde vyand uit. In hierdie sesde onderdeel leer ons van 'n vyfde (en dit is ook die laaste) vyand – die sedelose vrou (OAV: groot hoer), oftewel Babilon.

Soos wat die ander drie diere optree gedurende die hele periode tussen Jesus se eerste en tweede koms, is dit ook waar van hierdie sedelose vrou. Ons sal sien dat sy nie in isolasie optree van die ander diere nie, en ons sal ook sien dat baie tyd spandeer word om haar val en die gevolge daarvan te beskryf (in lyn met die waarneming dat die klem al meer na die einde skuif soos wat ons in die boek vorder). Ek staan vanoggend grotendeels stil by Op 17:1-7 – hier leer ons wie die sedelose vrou is.

Die sedelose vrou (Op 17:1-7)

Volgens vers 1 was dit een van die engele wat die sewe bakke het, wat met Johannes kom praat het en hom meegedeel het dat hy Johannes sal wys hoe die oordeel oor die sedelose vrou voltrek word. Hierdie opmerking van die engel skep alreeds die verwagting dat die fokus grotendeels gaan rus op die voltrekking van die oordeel oor die vrou, en die gevolge daarvan.

Ons lees ook in vers 1 dat hierdie sedelose vrou bly by baie waters. Vers 15 maak duidelik wat hierdie baie waters beteken: dit is nie letterlik waters nie, maar wel volke, stamme, tale en nasies. Kyk egter ook na vers 3 – hier word Johannes deur die Gees na die woestyn geneem om meer oor hierdie vrou te leer. Nou, woestyn areas word nie dikwels met groot waters geassosieer nie. Vers 15 maak dit egter duidelik dat ons nie letterlike waters moet verstaan nie – en by implikasie ook nie 'n letterlike vrou nie, en ook nie 'n letterlike woestyn nie. Kan ek hier net die opmerking maak: die amillennialistiese interpretasie van die boek Openbaring word dikwels gekritiseer omdat dit grootliks die boek simbolies interpreteer. Daarteenoor is daar ander interpretasies wat daarna streef om die boek meer letterlik te interpreteer (alhoewel niemand dit werklik letterlik doen nie). Gedeeltes soos hierdie maak dit egter duidelik dat daar sterk simboliese trekke in die boek is. Immers is die duiwel

ook nie werklik 'n letterlike vuurrooi draak nie, en die sewe lampe in Op 1 is nie fisiese lampe nie, maar gemeentes, ens.

Vers 2 verduidelik wie die sedelose vrou verlei: die konings van die aarde word genoem en die bewoners van die aarde. In beide gevalle verlei sy hulle met haar onsedelikheid – sy laat die bewoners van die aarde drink van de wyn van haar onsedelikheid. Ons het al in Op 14:8 ook gelees van Babilon, wat die sedelose vrou is, wat al die nasies dronk gemaak het deur hulle te laat drink van die dwelmdrank van haar onsedelikheid. Ons weet dat as iemand hom te buite gaan aan drank, word hy dronk. 'n Dronk persoon kan doodeenvoudig nie meer nugter dink nie. Dit is wat hierdie vrou regkry met die bewoners van die aarde – deur haar sedeloosheid maak sy hulle dronk, sodat hulle nie meer wakker en nugter is nie, maar hulle eerder verder verlustig in haar onsedelike praktyke.

Wat is hierdie sedelose praktyke van die vrou? Alhoewel dit seker fisiese onsedelikheid kan insluit, gaan die betekenis veel verder. Hierdie onsedelikheid is grotendeels geestelike onsedelikheid – oftewel afgodery. Ons het verskeie voorbeelde daarvan in die sewe briewe: In Op 2:14 lees ons van die mense wat die leer van Bileam aangehang het – en dan word daar gesê dat hulle afgodsoffervleis geëet het en onsedelikheid beoefen het. Op 2:20 onderstreep ook hierdie assosiasie tussen onsedelikheid en afgodery. Die Bybel verwys dikwels na afgodery as geestelike hoerery. Kyk maar na Hos 4:10-13, waar tempelprostitusie aanleiding gee tot 'n hoergees onder die priesters en gevolglik afgodery. Afgodery is dus een van die onsedelike verleidinge van die sedelose vrou.

Volgens vers 3 is Johannes juis na die woestyn toe geneem om hierdie vrou te sien. Hoekom juis soontoe? Wel, ons het al vantevore gelees van 'n ander vrou in die woestyn. Kyk na Op 12:6 en 14 – hier lees ons van die vrou uit wie die Seun gebore is. Nadat die Seun na die hemel weggeruk is, het hierdie vrou na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het en waar sy vir hierdie hele periode tussen Jesus se hemelvaart tot met Sy wederkoms versorg is. Hierdie vrou is natuurlik simbool van die kerk. Maar dit was ook hier wat die draak strome water agter haar aan uitgespoeg het om haar te verslind. Nou lees ons daar was nog 'n vrou by die waters – die sedelose vrou, wat ook 'n vyand van God en hierdie eerste vrou is. Dit is in die woestyn wat hierdie stryd woed.

Ons lees ook dat hierdie sedelose vrou op 'n helderrooi dier sit, wat met godslasterlike name oortrek was, en wat sewe koppe en tien horings gehad het. In Op 12:3 het ons geleer van die draak, oftewel die duiwel – hy was vuurrooi en het ook sewe koppe en tien horings gehad. En in op 13:1 lees ons dat die dier uit die see het ook sewe koppe en tien horings gehad, en op sy koppe was daar godslasterlike name. Die feit dat die dier in Op 17 beskryf word as 'n dier (nie 'n draak nie) en dat hy gekenmerk word deur die godslasterlike name, impliseer dat ons eerder die dier uit die see in gedagte moet hê as die dier waarop die sedelose vrou sit. Die dier uit die see is die antichris, d.w.s. alle vorme van gesagstrukture wat misbruik word om stryd te voer teen God en die kerk. Die sedelose vrou en die dier uit die see werk m.a.w. nou saam. Maar onthou ook, ons het al vantevore gesien dat die draak en die diere uit die see en die aarde ook nou saamwerk. Hulle span dus almal saam teen God en Sy kerk.

Vers 4 beskryf die voorkoms van die sedelose vrou. Sy is uitgedos in pers en helderrooi klere, opgetooi met goud, edelstene en pêrels, en het 'n goue beker in haar hand. Die goue beker in haar hand is gevul met die gruwels van haar onsedelikheid waaruit sy die nasies laat drink. Ons sal eventueel by Op 18 kom, maar kyk net voorlopig na Op 18:11-12. Hier word beskryf hoe die sakemanne treur wanneer Babilon val. Let op waarom hulle treur – hulle kan nie meer hulle handelsware verkoop nie, en let op dat hulle handelsware juis ook die ware insluit waarmee die sedelose vrou uitgedos en opgetooi is. Kyk ook waarom die seemanne treur in Op 18:19 – almal het

ryk geword van haar skatte. Voeg hierby dat ons in Op 13:16-17 lees dat die dier uit die aarde, wat juis meewerk met die dier uit die see op wie hierdie sedelose vrou sit, die bewoners van die aarde merk met die merk van die dier, en dat slegs die mense wat hierdie merk het, kan koop en verkoop. Ons moet dus aflei dat hierdie sedelose vrou verleidelik is deurdat sy uitgedos is in die middele waarin die bewoners van die aarde handel dryf, en waardeur hulle ryk word. Opsommend kan ons dus sê: die sedelose vrou werk saam met die antichris (sy sit op die dier), sy verlei die konings en die bewoners van die aarde enersyds deur haar onsedelikheid wat in afgodery na vore kom, en andersyds deur die verleiding wat kom deur handeldryf in al hierdie kosbare materiale. **Verskeie kommentare som dus die sedelose vrou op as die ekonomiese en godsdienstige sisteme wat in alliansie met die staat/gesagstrukture die bewoners van die aarde mislei.**

Volgens vers 5 was haar naam op haar voorkop geskrywe. Ons het al verskeie kere in Openbaring geles van name op voorkoppe. In Op 7:23 is die 144 000 gemerk met die seël van die lewende God op hulle voorkoppe (ook in Op 14:1), en in Op 13:16 is die bewoners van die aarde gemerk met die merk van die dier onder andere op hulle voorkoppe (ook in Op 14:9). Telkens het hierdie naam iets gesê van die karakter van die persoon wat die naam dra, asook van sy verwantskap met óf God óf die satan. Dieselfde geld hier. Ons lees dat haar naam 'n verborge betekenis het (NAV is hier beter as die OAV, wat "Verborgene" deel maak van die naam). In Op 1:20 het ons geles dat die sewe sterre en lampe 'n verborge betekenis gehad het, en in Op 10:7 het ons geles dat God 'n verborge bedoeling het met alles. Die punt is dat hierdie dinge verborge is, tot God dit bekend maak. As God dit nie bekend gemaak het nie, sou die betekenis daarvan verborge gebly het. Dieselfde geld met die name van die vrou. Dit sou verborge bly wat haar karakter is en saam met wie sy werk as God dit nie bekend gemaak het nie. Maar let nou op die laaste gedeelte van vers 7 – die engel wil juis aan Johannes verduidelik wat die verborge betekenis is van die vrou (en die dier). God maak dit juis nou bekend sodat almal kan kennis neem van haar karakter wat verleidelik is en van haar verwantskap met die dier. Dit is juis omdat sy so gevaarlik verleidelik is, dat God haar ware kleure wil uitwys sodat almal gewaarsku kan wees.

Die eerste deel van haar naam is "Groot Babilon". Ons het al vantevore gesien dat dit 'n verwysing is na Dan 4:30 waar Nebukadneser vol trots na Babel verwys as die groot Babel, vol van trots dat hy dit alles self tot stand kon bring, en dat dit alles vir hom bestaan. Jer 51:7 maak dit duidelik dat Babel bloot 'n instrument in God se hand was waardeur Hy die hele wêreld dronk wou maak. Verder word hierdie vrou beskryf as die moeder van die sedeloses en losbandigheid op aarde. Vergelyk dit met die vrou waarvan ons in Op 12 lees – sy was die moeder van die Seun, en na Hy weggeruk is na die hemel toe, word sy die moeder van die kerk – wat ook die bruid van die Seun is. Hierdie sedelose vrou is moeder van presies die teenoorgestelde – sy is die moeder van die sedeloses en losbandigheid op aarde.

Vers 6a maak dit duidelik dat hierdie vrou nie net die bewoners van die aarde dronk maak deur haar onsedelikheid nie – sy is self ook dronk. Sy drink ook uit daardie goue beker in haar hand. Daardie losbandigheid en onsedelikheid in die beker in haar hand moet dus ook insluit dat sy die bloed van die gelowiges wat vir Jesus getuig, laat vloei. Nie net verlei sy die wêreld nie, sy vervolgt ook die kerk.

In vers 6b lees ons dat Johannes baie verwonderd was oor hierdie sedelose vrou. Ons kry die indruk dat die engel nie Johannes se verwondering goedkeur nie. Die doel was nie dat Johannes en die gelowiges ook nou agter die sedelose vrou moet aanloop nie – en wat die engel verder aan Johannes verduidelik sal haar ware kleure en haar valsheid nog meer na vore bring. Maar dit is tog sinvol om te dink oor hoekom Johannes so verwonderd was toe hy hierdie visioen gesien het. Beale lig die volgende uit:

- Vergelyk Babilon met die Nuwe Jerusalem: Die sedelose vrou, Babilon, was uitgedos in pers en helderrooi klere, opgetooi met goud, edelstene en pèrels. Vergelyk dit met die Nuwe Jerusalem in Op 21:18-21 – stad se fundamente was van goud, die fundamente was met edelstene versier, die poorte was pèrels. Boonop dra die mense helder, fyn, blink klere (Op 19:8).
- Vergelyk die sedelose vrou met die Ou Testamentiese hoëpriester: Lees Eks 25:8-9. Duidelike ooreenkomste tussen die vrou en die hoëpriester se klere.

Onthou wat ons gesien het in die diere – hulle na-aap die Drie Enige God. Iets soortgelyks is hier besig om te gebeur. Babilon na-aap die Nuwe Jerusalem, die sedelose vrou na-aap die hoëpriester. Dit tref Johannes hoe gevaarlik hierdie misleiding kan wees. 'n Mens sal mooi moet onderskei. Soos hy al vantevore opgemerk het: hier is wysheid nodig, hier sal gelowiges wakker moet wees!

Waar vind ons die sedelose vrou in 2020?

Kom ons dink oor waar ons hierdie vrou aan die werk sien in ons tyd, in 2020. Onthou wat ons in die verlede gesê het: die diere uit die see is die antichris, wat ons tipies in regerings of ander gesagstrukture aan die werk sien waar hy teen God en die kerk werk. Daarteenoor is die diere uit die aarde die vas profete, wat ons aan die werk sien in vals godsdienste of selfs in dwaalleringe binne die kerk. Wat nou van die sedelose vrou?

Sy werk nou saam met veral die diere uit die see (op wie sy sit), d.w.s. met gesagstrukture. Sy verlei die ongelowiges, en stry teen die gelowiges, kan hulle selfs doodmaak. Die gevaar van haar verleiding is dat dit mense dronk maak, en hulle nugter denke aftakel. Sy gebruik sisteme wat afgodery aanblaas, asook ekonomiese sisteme.

Kom ons kyk na moontlike sisteme waar hierdie diere na vore kom:

- Ek praat nou die dag met twee finansiële raadgevers, onder andere oor die impak wat die uitkoms van die Amerikaanse verkiesing mag hê op beleggings. Hulle spreek toe hulle voorkeur uit oor wie moet wen – bloot gebaseer op hulle verwagting oor watter uitslag die Dow Jones die beste sal ondersteun. Die persone met wie ek gepraat het, is nie Amerikaners nie – en hulle gaan dus nie stem nie. Maar ek is seker daar is Amerikaners wat ook so gaan redeneer: Watter kandidaat is waarskynlik die beste vir my bankbalans? Sien jy die sedelose vrou in hierdie situasie? Die afgod waarmee sy jou verlei, is jou bankbalans – daar is die ekonomiese afgod wat sy propageer. Hierdie afgod maak jou dronk sodat jy nie meer nugter dink nie – daar is immers baie meer om oor te dink in hierdie verkiesing as net jou bankbalans (dink maar aan die debat in Amerika oor onderwerpe soos aborsie, rassesspanning, hantering van coronavirus, hantering van vreemdelinge, ens). Sy oortuig jou om die diere uit die see (gesagstrukture, in die geval die presidentskandidaat) te gebruik om jou afgod, jou bankbalans, tot jou voordeel te manipuleer. Ek dink dit is meer kompleks as om net die effek op jou bankbalans as maatstaf te gebruik wanneer jy besluit vir wie jy moet stem. Hier is wysheid nodig. Jy sal moet wakker wees. Let op: die punt is nie dat gelowiges nie aan verkiesings moet deelneem nie, maar wel dat gelowiges ernstig moet besin oor die kriteria wat hulle gebruik wanneer hulle stem. Dit kan nie maar net om persoonlike gewin gaan nie.
- Ons sou bogenoemde voorbeeld weier kon uitbrei na materialisme in die algemeen. Die behepthed met besittings in ons tyd is opmerklik. Die gevaar van materialisme is dat dit jou dronk maak – dit affekteer jou nugterheid. Alle middele word geregverdig om die doel te verwesenlik om ryker te kan word – selfs korrupsie. Gaan luister na die gebeure by die

Zondo kommissie van ondersoek na staatskaping. Die afgod van persoonlike verryking veroorsaak dat onwettige praktyke (kan ons maar sê onsedelike praktyke) gepleeg word. Dit gebeur tipies deur manipulasie van regeringsinstellings of maatskappye (misbruik van gesagstrukture deur die dier uit die see op wie die sedelose vrou sit). Met verloop van tyd draai jy jou so vas, dat jy nie meer daaruit kan kom nie. Dis hoe die sedelose vrou ongelowiges mislei. Maar haar effek strek nog verder: Dit word ook toenemend moeilik vir gelowiges wat nie hieraan wil deelneem nie om besigheid te kan doen, hulle kan eenvoudig nie meer koop en verkoop nie – want sien hulle dra nie die merk van die dier nie. Weereens, die probleem lê nie in die koop en verkoop as sodanig nie, maar wel in die doel waarom iemand koop en verkoop.

- Of dink aan die dwelmdrank van sukses of status – dit kan 'n afgod word. Niks anders is meer belangrik nie. Jy werk net vir daardie bevordering. Jy wil die gesagstrukture beïnvloed om jou te beloon. In die proses skeep jy jou gesin af, jy skeep jou verhouding met God en medegelowiges af. Jy dink dit is selfs edel om so ongebalanseerd te leef – maar dit is tekens van hoe dronk die status afgod jou maak. Ja, natuurlik mag jy werk en verwag om erkenning daarvoor te ontvang – maar dit mag nooit die allesoorheersende doel/fokus wees nie.

Dit is voorwaar so: Hier het gelowiges wysheid nodig. Ons moet wakker wees!